
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2024

# REKENINGKUNDE V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10-bladsy antwoordeboek.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Berekening van korrekte netto wins en Staat van Finansiële Posisie | 50 | 40 |
| 2 | Notas tot Finansiële State, Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 45 | 35 |
| 3 | Vertolking van Finansiële State | 40 | 30 |
| 4 | Korporatiewe Bestuur | 15 | 15 |
| | **TOTAAL** | **150** | **120** |


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: BEREKENING VAN NETTO WINS EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

**(50 punte; 40 minute)**

1.1 Kies die korrekte woord of term uit die lys wat die beste by elke stelling hieronder pas. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Direkteursverslag; Aandele; Akte van Oprigting; Prospektus; Onafhanklike Ouditeurverslag |

1.1.1 Dokument wat aandele aan die publiek aanbied

1.1.2 Eenheid van eienaarskap in 'n maatskappy

1.1.3 Weerspieël geskrewe inligting oor die bedrywighede van die besigheid

1.1.4 Weerspieël 'n regverdige oorsig van die bedryfsresultate van die finansiële state van 'n maatskappy (4 x 1) (4)

1.2 **LIYABONA BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 29 Februarie 2024. Die besigheid verkoop kragopwekkers.

**GEVRA:**

1.2.1 **Verwys na Inligting B (i):**

Bereken die waarde van eindvoorraad van AI-opwekkers deur die Spesifieke Identifikasie-metode te gebruik. (3)

1.2.2 **Verwys na Inligting A en B:**

Gebruik die tabel wat verskaf word om die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 te bereken. Dui '+' vir vermeerdering en '–' vir vermindering by elke aangesuiwerde bedrag aan. (14)

1.2.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 29 Februarie 2024.

**LET WEL:**
- Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingevul.
- Syfers word NIE in die gekleurde gedeeltes vereis NIE.
- Toon bewerkings. (29)

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 29 Februarie 2024:**

| | R |
|---|---|
| Lening: Naties Bank | 859 100 |
| Vaste deposito | 225 000 |
| Handelsvoorraad | 1 350 000 |
| Debiteurkontrole | 889 500 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings) | 990 000 |
| Bank (gunstig) | 704 249 |
| Krediteurekontrole | 843 750 |
| Aandeelhouers vir dividende | 145 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2023) | 51 180 |
| Pensioenfonds | ? |
| Verkope | 12 128 250 |
| Verbruiksgoedere | 50 850 |
| Versekering | 73 125 |
| Oninbare skulde | 49 890 |
| Huur inkomste | 213 300 |
| Direkteursfooie | 1 237 500 |
| Gewone aandele dividende | 356 250 |

**B.** Die netto wins voor belasting, R3 609 320, is bereken voordat die volgende in ag geneem is:

(i) Die volgende voorraadbladsy het op AI-opwekkers betrekking. Dit is twee keer aangeteken toe die finale voorraadsyfers bereken is.

- Liyabona Bpk. verkoop AI-opwekkers teen 'n standaardkoers van R22 400 per eenheid.
- 'n Winsopslag van 40% op kosprys word toegepas.

**LET WEL:** Die SPESIFIEKE IDENTIFIKASIE waardasiemetode word gebruik.

| | Eenhede | Eenheidsprys | Totaal |
|---|---|---|---|
| Beginvoorraad: 1 Maart 2023 | 15 | | |
| Aankope gedurende die jaar | 95 | | |
| Sluitingsvoorraad: 29 Februarie 2024 | ? | | ? |
| Verkope | 89 | 22 400 | 1 993 600 |

(ii) Debiteure met kredietsaldo's van R12 350 op 29 Februarie 2024 moet na die Krediteuregrootboek oorgeplaas word. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 4% van debiteure aangesuiwer word.

(iii) 'n Voertuig wat op 2 Januarie 2019 gekoop is en R450 000 gekos het, is op 1 Februarie 2024 vir R65 000 kontant verkoop. Geen inskrywings is gemaak vir die verkoop van die voertuig nie. Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op kosprys bereken.

(iv) Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R21 540 in wat op 1 Desember 2023 betaal is.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



(v) Huur word bereken op ŉ vaste bedrag per m$^2$ per maand. Die besigheid het 150 m$^2$ verhuur vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023. ŉ Addisionele 30 m$^2$ is verhuur vanaf 1 Augustus 2023. Huur is ontvang tot 30 April 2024.

(vi) Ongebruikte verbruiksgoedere het R5 320 beloop.

(vii) Die maatskappy het vier direkteure. Hulle ontvang almal dieselfde fooi. Twee direkteure het ŉ oorsese reis onderneem en versoek dat hul fooie vir Januarie en Februarie 2024 in Maart betaal word. Die komitee het ingestem.

**C.** Inkomstebelasting vir die jaar word bereken teen 30% van die netto wins voor belasting.

**D.** Die vaste deposito sal op 31 Augustus 2024 verval.

**E.** Die volgende finansiële aanwysers is op 29 Februarie 2024 bereken:

| | |
|---|---|
| • Bedryfsverhouding: | 2 : 1 |
| • Netto batewaarde per aandeel | 425 sent |

**F. Aandelekapitaal:**

- Die maatskappy is geregistreer met ŉ gemagtigde aandelekapitaal van 1 500 000 gewone aandele.
- 75% van die gemagtigde aandele was teen 1 Maart 2023 reeds uitgereik. Die gemiddelde prys per aandeel teen die tyd was R3,20.
- Die direkteure het alle onuitgereikte aandele op 30 April 2023 uitgereik. EFO-betalings in totaal van R900 000 is ontvang.
- Die maatskappy het 250 000 aandele teen R3,75 per aandeel op
- 29 Februarie 2024 teruggekoop.

**G. Lening: Naties Bank**

Die leningstaat het ŉ eindsaldo van R928 700 getoon. Die maatskappy beplan om hul leningterugbetalings te verhoog om 15% van die kapitaalgedeelte van die leningsaldo in die volgende finansiële jaar te vereffen. ŉ Vaste rente van R5 800 per maand word betaal.

**50**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

**(45 punte; 35 minute)**

2.1 Gee EEN rekeningkundige woord/term vir elk van die volgende stellings:

2.1.1 Aandeelhoutersbelang plus nie-bedryfslaste is gelyk aan …

2.1.2 ŉ Terugbetaling van lening word getoon as ŉ … van kontant in die Kontantvloeistaat.

2.1.3 Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste word na verwys as … (3 x 1) (3)

2.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mimosoa Beperk. Die finansiële jaareinde is 30 September 2023. Inligting hou verband met die finansiële jaar geëindig 30 September 2023.

**GEVRA:**

2.2.1 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 September 2023. Toon alle bewerkings tussen hakies. (25)

2.2.2 Voltooi die nota vir Behoue Inkomste. (8)

2.2.3 Die direkteure het meer aandele uitgereik om die kontantvloei te verbeter. Thandi Manning, ŉ aandeelhouer, was teen die besluit en het haar kommer by die algemene jaarvergadering (AJV) geopper.

- Verskaf ŉ rede vir Thandi se mening. (2)

2.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 September 2023:
**LET WEL:** Rond tot EEN desimale punt af.

- Skuld-ekwiteitverhouding (3)
- Vuurproefverhouding (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INLIGTING:**

**A. Die volgende inligting is uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 September 2023 onttrek:**

| | |
|---|---|
| Rente uitgawe | 195 750 |
| Inkomstebelasting | 497 400 |

**LET WEL:** Die inkomstebelastingkoers is 30%.

**B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 30 September:**

| | **2023** | **2022** |
|---|---|---|
| **Bedryfsbates** | **4 180 200** | **2 892 800** |
| Voorrade | 1 228 600 | 1 437 700 |
| Handels- en ander debiteure (sien D) | 1 104 300 | 945 600 |
| Kontant en kontantekwivalente | 1 847 300 | 509 500 |
| **Gewone aandeelhouersbelang** | **?** | **4 964 020** |
| Gewone aandelekapitaal (sien F) | 4 240 000 | 4 250 000 |
| Behoue inkomste | ? | 914 020 |
| **Lening: Munchie Bank (12% p.j.)** | **2 400 000** | **1 850 000** |
| **Bedryfslaste** | **1 678 900** | **1 544 700** |
| Handels- en ander krediteure (sien E) | 1 678 900 | 1 399 000 |
| Bankoortrekking | 0 | 145 700 |

**C. Vaste bates op 30 September:**

| | **2023** | **2022** |
|---|---|---|
| **Grond en geboue:** | | |
| Kosprys | 2 750 000 | 3 000 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | 0 | 0 |
| **Voertuie:** | | |
| Kosprys | 725 000 | 950 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | 498 800 | 386 000 |
| **Toerusting:** | | |
| Kosprys | 310 000 | 268 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | 158 900 | 112 400 |

- Grond en geboue is gedurende die jaar teen kosprys verkoop en ŉ voertuig is aan die einde van die jaar teen drawaarde verkoop. Opgehoopte waardevermindering op die voertuig wat verkoop is, was R125 000 aan die begin van die jaar. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. op die verminderde-saldo metode. Geen toevoegings is gedurende die jaar tot albei gemaak nie.
- Toerusting is aan die begin van die jaar gekoop. Geen toerusting is gedurende die jaar verkoop nie. Waardevermindering op toerusting word teen 15% p.j. op kosprys bereken.

**D. Handels- en ander ontvangbares sluit in:**

| | **2023** | **2022** |
|---|---|---|
| SAID: Inkomstebelasting | 48 090 | 0 |


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**E. Handels- en ander betaalbares sluit in:**

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | 53 200 |
| Aandeelhouers vir dividende | 530 000 | 390 000 |

**F. Gewone aandelekapitaal en dividende:**

- 850 000 aandele was teen 1 Oktober 2022 uitgereik.
- Op 1 Desember 2022 is 150 000 addisionele aandele teen R7,00 elk uitgereik.
- 200 000 aandele is op 31 Maart 2023 teen R1,70 bo die gemiddelde prys teruggekoop. Hierdie aandele kwalifiseer vir tussentydse dividende.
- Tussentydse dividende van 25c per aandeel is op 30 April 2023 betaal.

**45**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (40 punte; 30 minute)

**MABHABS BPK. en LANDA BPK.**

Die inligting hou verband met TWEE maatskappye. Tiger Simelane besit aandele en is ŉ direkteur in albei hierdie maatskappye. Hy het onlangs nog R375 000 in elke maatskappy belê deur aandele op die JEB/JSE teen markwaarde te koop.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:

- Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal
- ŉ Rede of verduideliking gee vir die finansiële aanwysers wat aangehaal is

**Verwys na inligting A tot C.**

3.1 **Aankoop van aandele:**

- Verduidelik waarom direkteure moet belangstel in die prys van hul maatskappye se aandele op die JEB/JSE. (2)
- Bereken die aantal addisionele aandele in Mabhabs Bpk. wat Tiger in 2023 op die JEB/JSE kon koop. (3)
- Lewer kommentaar op die prys wat Tiger vir die aandele in elke maatskappy betaal het, en gee TWEE redes waarom hy dalk tevrede was om die prys te betaal. (6)

3.2 **Dividende, verdienste en opbrengste:**

- Verduidelik jou mening oor watter maatskappy die beter dividend-uitbetalingsbeleid het. Gee vergelykende syfers. (6)
- Vergelyk en lewer kommentaar op die % opbrengs op ekwiteit wat deur elke maatskappy verdien is. (4)
- Tiger voel dat die verdienste per aandeel (VPA) van Landa Bpk. baie beter is as dié van Mabhabs Bpk. Verduidelik hoekom hy so voel. (5)

3.3 **Verwys na inligting B en C:**
Mabhabs Bpk. is meer negatief geraak as Landa Bpk. deur die swak ekonomie.

(a) Verduidelik TWEE besluite wat deur die direkteure van Mabhabs Bpk. geneem is in reaksie op die stand van die ekonomie, en hoe hierdie besluite die maatskappy in die toekoms sal raak. (6)

(b) Verduidelik TWEE besluite wat deur die direkteure van Landa Bpk. geneem is wat risiko en hefboomfinansiering beïnvloed. Haal aan en lewer kommentaar op TWEE finansiële aanwysers. (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INLIGTING:**

**A. Aandeelhouding van Tiger Simelane in twee maatskappye:**

| | MABHABS | LANDA |
|---|---|---|
| Aantal aandele gekoop in 2021 | 450 000 | 1 300 000 |
| Totale aandele uitgereik deur elke maatskappy op 28 Februarie 2021 | 950 000 | 2 500 000 |
| Addisionele aandele gekoop deur Tiger | ? | 100 000 |
| Tiger se % aandeelhouding voor die aankoop van addisionele aandele | 47,4% | 52% |

**B. Finansiële aanwysers, markpryse en rentekoerse op 28 Februarie 2023:**

| | MABHABS | LANDA |
|---|---|---|
| Verdienste per aandeel | 92 sent | 78 sent |
| Dividende per aandeel | 60 sent | 75 sent |
| Skuld-ekwiteit verhouding | 0,2 : 1 | 0,8 : 1 |
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 6,1% | 17,9% |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 10,3% | 16% |
| Netto batewaarde per aandeel | 660 sent | 425 sent |
| | | |
| Rentekoers op lening | 13,0% | 13,0% |
| Rente op belegging | 7% | 7% |
| Markprys per aandeel | 750c | 375c |

**C. Uittreksels uit die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023:**

**LET WEL:** Invloei en uitvloei van kontant word NIE aangedui op bedrae hieronder NIE:

| | MABHABS | LANDA |
|---|---|---|
| Tasbare bates aangekoop | 0 | 1 500 000 |
| Tasbare bates verkoop | 2 000 000 | 0 |
| Nuwe aandele uitgereik | 450 000 | 400 000 |
| Aandele teruggekoop | 940 000 | 0 |
| Lening aangegaan | 0 | 3 200 000 |
| Lening terugbetaal | 1 700 000 | 0 |
| Belegging gemaak | 0 | 850 000 |
| Belegging verval | 750 000 | 0 |

**40**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 15 minute)

4.1 Daar word van maatskappydirekteure verwag om wettige verwagtinge van belanghebbendes te identifiseer en in ag te neem.

- Verskaf TWEE gevolge vir die vernalating van die verwagtinge van die belanghebbendes deur die maatskappy. (4)

4.2 **OUDITVERSLAE**
Kies die ouditmening uit KOLOM B wat die ouditverslag in KOLOM A beskryf. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommers (4.2.1–4.2.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.2.1 Gekwalifiseerde ouditverslag | A Ons was nie in staat om voldoende bewyse te verkry om ŉ ouditmening te gee nie. Gevolglik spreek ons nie ŉ mening uit oor die finansiële state van Stwee Bpk. vir die jaar wat toe geëindig het nie. |
| 4.2.2 Ongekwalifiseerde ouditverslag | B Behalwe vir die effek van die ongemagtigde bonus aan die HUB, bied die finansiële jaarstate, in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van Twibby Bpk. |
| 4.2.3 Weerhouding van mening | C Die finansiële jaarstate gee, in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van Natura Bpk. |

(3 x 1) (3)

4.3 (a) Watter tipe ouditverslag sal aandeelhouers aanmoedig om aandele in ŉ maatskappy te koop? (1)

(b) Verduidelik waarom dit belangrik is vir ŉ onafhanklike ouditeur om ŉ lid van ŉ professionele liggaam te wees. (1)

4.4 **Uittreksel uit ŉ artikel in die *Saturday News*:**

> Die werknemers van Riavaia Bpk. het ŉ verhoging van 10% in hul salarisse vir die jaar 2022 ontvang terwyl die HUB ŉ verhoging van 45% ontvang het. Die werknemers was nie gelukkig oor die verskil in salarisverhoging nie, en het daaroor gekla. Riavaia Bpk. het die besluit verdedig en daarop gewys dat dit deur die vergoedingskomitee goedgekeur is nadat deeglike oorwegings gemaak is.

Verduidelik die rol van die vergoedingskomitee. Gee DRIE punte. (6)

**15**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS